DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL

# KONSTITUSIE

2009

HERSIENE UITGAWE

**DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL**

**DIE KONSTITUSIE VAN DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL**

**HERSIENE UITGAWE 2009**

## ARTIKEL I: DIE WAPEN VAN DIE KERK

i. **Kruis** - Verwys na die dood van Jesus Christus aan die kruis op Golgota.

ii. **Kleur van die kruis (Pers) -** Dui op die kleed in die tempel.

iii. **Wit Duif** - Dui op die uitstorting van die Heilige Gees.

iv. **Oop Bybel met skrifgedeeltes** - Die aanvaarding van die hele Bybel as die woord van God asook die verkondiging van die Evangelie aan alle nasies, tale en volkere.

v. **Aardbol** - Verspreiding van die Evangelie deur die hele wereld.

vi. **Wit lint** - Dui op die Heiligheid.

## ARTIKEL II: NAAM EN LEUSE

### KLOUSULE (i)
Die naam van hierdie kerk is **DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL.**

### KLOUSULE (ii)
Die leuse van **Die Christen Gemeentes Internasionaal** is "Die hele evangelie vir die hele wêreld".

## ARTIKEL III: WOORDOMSKRYWING

### Apostel
'n Apostel is 'n persoon wie deur die Uitvoerenderaad aangestel is en voldoen aan die vereistes in die skrif onder andere 1 Titus 1:6-9.

### Bekering
'n Innerlike sinsverandering, 'n verandering van hart, 'n afkeer van sonde en gekenmerk deur 'n veranderde lewenshouding en wandel.

**Diaken**
'n Dienaar, iemand wat aangestel is om veral met die tydelike en finansiële belange van 'n gemeente behulpsaam te wees; iemand wat aan die vereistes soos gestel in 1Tim. 3:8-13 voldoen.

**Evangelis**
Enige persoon wat spesifiek afgesonder is deur 'n Kerkraad, of Distrikraad, of Streekraad, of Uitvoerenderaad om die evangelie te verkondig.

**Geordende Pastoor**
'n Persoon wat deur die Uitvoerenderaad/Werkersraad op aanbeveling van 'n Streekraad erken en georden is as Pastoor of Leraar van hierdie kerk.

**In die ban doen**
Uitsluiting uit of afsnyding van die kerklike gemeenskap en ontneming van lidmaatskap deur 'n Kerkraad, Distrikraad, Streekraad, Uitvoerenderaad of Werkersraad as straf weens 'n wanbedryf ingevolge **ARTIKEL XI** van die konstitusie.

**Moderator**
Die voorsitter van die Werkersraad en Uitvoerenderaad.

**Ouderling**
Iemand wat aangestel is met lerende en regerende gesag en wat aan die vereistes in 1 Tim. 3:1 -7 en Titus 1:6-9 voldoen.

**Onder tug plaas**
Opskorting van kerklike gemeenskap, met ontneming van sommige kerklike regte vir 'n tyd lank, soos deur die Kerkraad, Distrikraad, Streekraad Uitvoerenderaad of Werkersraad mag besluit.

**Plaaslike Gemeente**
'n Gemeente wat ook daardie betrokke gemeente se takgemeente insluit met 'n minimum getal van vyftig (50) lidmate, wat deur'n Distrikraad gestig is, met 'n Kerkraad van minstens vier (4) ouderlinge, waarvan een die voorganger is.

**Permanente konstitusionele komitee**
'n Komitee met kennis van grondwetlike sake en kundiges wat deur die Uitvoerenderaad aangestel word om Konstitusionele wysigings te bespreek en aan te beveel.

## ARTIKEL IV: NASIONALE EN INTERNASIONALE BELEID

### KLOUSULE (i)
Die beleid van Die Christen Gemeentes Internasionaal is dat elke land sy eie plaaslike gemeentes, Distrikrade, Streekrade, Uitvoerenderade, en Werkersrade sal hê soos in **ARTIKEL VIII** uiteengesit en dat die hierin genoemde bepalings van toepassings sal wees dat hulle hul eie Bybelskole, Tehuise vir bejaardes en Kinder tehuise kan hê en hul eie geestelike konferensie en vergaderings kan reel.

**KLOUSULE (ii)**
**STIGTING VAN N LAND**

(a) Die Christen Gemeentes Internasionaal sal beskou word as die moederkerk en alle aansoeke van ander lande om stigting as 'n eie werkersraad sal aan die moederkerk gerig word via die Uitvoerenderaad.

(b) Enige aansoek van 'n land om as 'n eie werkersraad gestig te wil word sal onderworpe wees aan die volgende kriteria:

i) 'n Fisiese ondersoek deur die Uitvoerenderaad van die moederkerk in die RSA om hulle te vergewis van enige konstitusionele bepalinge en uitgifte te bespreek.

ii) Enige aansoek om stigting moet gerugsteun word deur skriftelike aanvaardiging van elke gestigte gemeente, distriksraad en streekraad in daardie land, met 'n opgaaf van die notule waarin die besluit aanvaar is deur die Kerk-, Distriks-, en Streekraad. Lys van handtekeninge van gedoopte lidmate moet die opgaaf van notule volg, asook afgevaardigdes van Distrik- en Streekrade.

iii) Vir die kwalifisering van die aansoek moet daar ten minstens twintig (20) gestigte gemeentes, tien (10) Distriksrade en ses (6) Streekrade wees. 'n Gemeente moet minstens vyftig (50) gedoopte lidmate hê.

iv) Elke gemeente, Distrik-en Streekraad moet lewensvatbaar wees.

**KLOUSULE (iii)**
**BELEID MET BETREKKING TOT KOÖPTERING**

Elke raad, komitee of bestuur, sal die reg hê om 'n persoon of persone te koöpteer vir 'n periode soos deur die betrokke raad, komitee of bestuur bepaal.

**ARTIKEL V: DOEL EN FUNKSIE**
Die doel en funksie van Die Christen Gemeentes Internasionaal omvat die volgende:

**KLOUSULE (i)**
Om die evangelie van Jesus Christus aan alle mense, nasies en volke op die aarde te verkondig, te leer en te bevorder met al die moontlike middele tot hierdie Kerk se beskikking.

**KLOUSULE (ii)**
Om Gemeentes, Kinderverenigings, Jeugverenigings, Sustersverenigings, Diakonaleverenigings, 'n Bybelskool, Ouetehuise en Kinderhuise en enige ander inrigtings te stig vir die bevordering van die evangelie van Christus op aarde, en vir die opbouing en toerusting van arbeiders vir Christus.

**KLOUSULE (iii)**
Om boeke, tydskrifte, traktate, pamflette, briewe en omsendbriewe te skryf, te druk of te laat druk en uit te gee vir die verspreiding van die Evangelie.

**KLOUSULE (iv)**
Om roerende en onroerende bates of enige artikel wat nodig mag wees deur die onderskeie liggame, rade, of organe soos hierin later omskryf, te besit, te koop, te verkoop, te huur, te verhuur, as geskenk of bemaking te ontvang of andersins te beswaar soos besluit mag word.

**KLOUSULE (v)**
Om ter uitvoering van die doelstellings genoem in hierdie klousules of ten bate van enige persoon, doel, of saak ter bevordering van hierdie Kerk, fondse in te samel en te besit, te belê, te leen of uit te leen, onderhewig aan goedkeuring van die betrokke rade.

**ARTIKEL VI: LEERSTELLINGS**
Die lidmate van Die Christen Gemeentes Internasionaal aanvaar die hele Bybel as die Woord van God, en die Nuwe Testament as grondslag van hulle leer en lewens wandel en glo dus die volgende:

**KLOUSULE (i)**
In die onfeilbare Goddelike inspirasie van die hele Bybel.

**KLOUSULE (ii)**
In die enige God wat van ewigheid af in die Vader en die Seun en die Heilige Gees bestaan.

**KLOUSULE (iii)**
In die algehele bederf van die menslike natuur en die noodsaaklikheid van bekering tot God, regverdigmaking, wedergeboorte, heiligmaking en verlossing deur die geloof in die versoeningsdood en opstanding van die Here Jesus Christus, en in die ewige straf van die goddelose sondaars.

**KLOUSULE (iv)**
In die maagdelike geboorte, sondelose lewe, versoeningsdood, triomfantlike opstanding, opvaring en blywende voorbidding van ons Here Jesus Christus, in Hom as Hoof van sy liggaam, wat die gemeente is, en as ons Hoogste Gesag, in sy persoonlike wederkoms en duisendjarige regering op aarde.

**KLOUSULE (v)**
In die vrug van die Heilige Gees volgens Gal. 5:22 as standaard vir die morele en geestelike lewe van die gelowige.

**KLOUSULE (vi)**
In die doop (vervulling) met die Heilige Gees vir die gelowige met die tekens wat daarop volg (Handl. 1:8, Handl. 2:4, Handl. 10:44-46, Handl. 19: 6).

**KLOUSULE (vii)**
In die gawes van die Heilige Gees volgens 1Kor. 12:14, Mark. 16:15-20, en Rom. 12: 6- 8 vir die uitbreiding, opbouing, bemoediging en troos van die gemeente, wat die liggaam van Christus is.

**KLOUSULE (viii)**
In die Goddelike genesing vir die liggaam, oplegging van die hande en salwing met olie, gepaard met die gebed van die geloof (Mark. 16:16-18, Jak. 5: 4-15, Handl. 19:1-12, Mark. 6:13).

**KLOUSULE (ix)**
In die bediening van die Heilige Doop aan die gelowiges by wyse van enkelvoudige onderdompeling (Matt. 28:19, Handl. 2:38), in die Heilige Nagmaal, in die Toewyding van kindertjies aan die Here.

**KLOUSULE (x)**
In die erkening en beoefening van die ampte van apostel, profete, evangeliste, herders en leraars, ouderlinge en diakens (Efes. 4:11, 1Tim. 3:1-16, Handl. 14:23, Handl. 20:28).

**KLOUSULE (xi)**
In die moontlikheid om die genade te verval en verlore te gaan (Hebr. 6: 4-6, Gal. 5:4).

**KLOUSULE (xii)**
In die noodsaaklikheid en die Skriftuurlike verering van God deur die gee van materiële bydraes vir die kerk van die Here soos verwys in **ARTIKEL X (i) (a).**

**ARTIKEL VII: LIDMAATSKAP**

**KLOUSULE (i)**
'n Lidmaat van hierdie Kerk sal iemand wees wat tot ware bekering tot God met belydenis van sonde gekom het, die Here Jesus as sy/haar persoonlike Saligmaker aangeneem het, gedoop is by wyse van onderdompeling, en wat hierdie konstitusie aanvaar, hom/haar in beginsel en leefwyse daaraan onderwerp en op aansoek as 'n lidmaat van 'n plaaslike gemeente van hierdie Kerk aangeneem is.

**KLOUSULE (ii)**
Alle aansoeke om lidmaatskap moet skriftelik by die betrokke Kerkraad ingedien word en deur die plaaslike kerkraad vir goed-of afkeuring oorweeg word. Indien lidmaatskap toegestaan word, moet lidmaatsertifikate uitgereik word.

**KLOUSULE (iii)**
Persone sal lidmate bly totdat hulle skriftelik bedank, of by 'n ander kerk aansluit, of te sterwe kom, of volgens **ARTIKEL XI** in die ban gedoen word, of volgens die beoordeling van die Kerkraad nie meer aan die aktiwiteite van die gemeente deelneem nie. By beëindiging van lidmaatskap, sal lidmaatskapsertifikate ingetrek word.

**ARTIKEL VIII: BESTUUR**

**KLOUSULE (i)**
**PLAASLIKE BESTUUR**

a) Elke plaaslike gemeente word deur die betrokke Distriksraad, **ARTIKEL VIII (ii)** gestig, wat ook die eerste Ouderlinge (d.w.s die Kerkraad) van so 'n nuutgestigte gemeente aanstel. Dit berus in die diskresie van die Distriksraad of sodanige gemeente as 'n onafhanklike gemeente gestig sal word, aldan nie. So ‘n kerkraad sal uit nie minder as vier (4) lede, d.w.s. ouderlinge bestaan nie.

b) Indien dit mag gebeur dat daar in 'n plaaslike gemeente geen of minder as vier (4) ouderlinge is, sal so 'n gemeente meteens onder die beheer van die betrokke Distriksraad resorteer, om wat hy ookal nodig ag te doen om die toedrag van sake reg te stel.

c) Diakens moet toegelaat word om die kerkraadsvergaderings by te woon en sal volle stemreg hê.

d) Diakens en ander ampsdraer word deur die Kerkraad verkies en aangestel.

e) Elke selfstandige gemeente soos verwys in **ARTIKEL VIII (i)(a)** is 'n regpersoon met ewigdurende regsopvolging, bevoeg om in sy eie naam as eiser en verweerder op te tree, en om onafhanklik van sy lede regte te verkry, en verpligtinge aan te gaan, en word in alle sake insluitende regsgedinge deur die Kerkraad verteenwoordig. In alle regsgedinge sal die Kerkraad bevoeg wees om as eiser of verweerder namens die gemeente op te tree onder die naam van: DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL, DIE KERKRAAD VAN DIE ……………………………………….. GEMEENTE (Pleknaam word by opening ingevul).
Elke raad, komitee of bestuur sal die reg hê om 'n persoon of persone te koöpteer vir 'n periode soos deur die betrokke raad, komitee of bestuur bepaal.

(f) Die dagbestuur van die Kerkraad bestaan uit die Voorsitter, Visie-voorsitter, Sekretaris, Visie-sekretaris, Tesourier, Visie- tesourier of enige verdere lede van die Kerkraad wat die raad nodig ag om by te voeg. Die dagbestuur sal 'n volmagtigde verteenwoordiger van die kerkraad wees tussen kerkraadvergaderings en sal in daardie hoedanigheid op tree.

(h) Verkiesing vir die amptenary van die Kerkraad geskied vyfjaarliks. Amptenare is herkiesbaar. Waar 'n georde nde Pastoor in die gemeente die voorganger is, is hy ipso facto die Voorsitter en indien daar 'n mede-leraar is, is hy ipso facto die Visie-voorsitter.

**KLOUSULE (ii)**
**DIE DISTRIKRAAD**

(a) Naburige gestigte selfstandige gemeentes vorm 'n eie distrik waarvan die grense en omvang deur die Streekraad bepaal word.

(b) Elke Distriksraad bestaan uit al die erkende werkers in daardie distrik en alle afgevaardigde ouderlinge uit elke gemeente in hierdie betrokke distrik. Elke Distrikraad besluit self hoeveel verteenwoordigers elke gemeente in hierdie raad moet verteenwoordig onderworpe daaraan dat elke gemeente in die betrokke distrik in hierdie raad verteenwoordig moet word.

(c) Elke Distriksraad is verantwoordelik vir die behartiging van gemeenskaplike belange, uitbreidingswerk, stigting van nuwe gemeentes binne sy betrokke distrik, reel van distrikskonferensies en vergaderings en die aanbeveling van pastore vir ordening en die benoeming as huweliksbevestigers by die betrokke Streekraad.

(d) Elke Distrikraad is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, bevoeg om in eie naam as eiser en verweerder in die regte op te tree en om onafhanklik van sy lede regte te verkry en verpligtinge aan te gaan **ARTIKEL VIII (ii)(a).** In alle regsgedinge sal die distrik bevoeg wees om as eiser of verweerder namens die distrik op te tree onder die naam van: DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL, DIE DISTRIKRAAD VAN ……………………………………………… (Naam word by opening ingevul).

(e) Die dagbestuur van die Distriksraad bestaan uit die Voorsitter, Visie-voorsitter, Sekretaris, Visie-sekretaris, Tesourier, Visie-tesourier en enige ander geordende pastore/leraar wie die raad nodig ag om by te voeg.

(f) Elke Distrikraad vergader minstens eenkeer per jaar.

(g) Verkiesings vir die amptenary van die Distriksraad vind vyf (5) jaarliks plaas. Amptenare is herkiesbaar. Die Voorsitter van die Distriksraad moet 'n geordende pastoor/leraar wees wat ten minstens drie (3) jaar reeds georden was.

(h) Slegs gemeentes wie alle finansiele verpligtinge teenoor die distriksraad nagekom het sal sitting asook stemreg hê op die distriksraad.

**KLOUSULE (iii)**
**DIE STREEKRAAD**

(a) Naburige gestigte distrikte vorm 'n eie streek waarvan die grense en omvang deur die Uitvoerenderaad bepaal word en wat ook sal berus watter streekraad 'n gemeente, wat buite die gebied van 'n reeds bestaande streek val, sal resorteer.

(b) Elke Streekraad bestaan uit alle erkende werkers in daardie streek en ouderlinge, met aanbevelingsbriewe, deur die betrokke Distriksraad afgevaardig. Elke Streekraad beluit self hoeveel verteenwoordigers uit elke Distrikraad in hierdie raad verteenwoordig moet wees, onderworpe daaraan dat elke Distriksraad in die Streekraad verteenwoordig moet wees.

(c) Elke Streekraad is verantwoordelik vir die behartiging van gemeenskaplike belange, uitbreidingswerk, stigting van nuwe distrikte binne sy betrokke streek, streekkonferensies, en adviserende samekomste. Die Streekraad is ook verantwoordelik vir die aanbeveling, by die Uitvoerenderaad, van pastore/leraar vir ordening en die aanstelling as huweliksbevestigers. Die aanbeveling van huweliksbevestigers moet deur die Hoofkantoor van die Kerk aan die regering gerig word **(ARTIKEL VIII (iii)(a)).**

(d) Elke Streekraad het die reg om beheer van enige Distriksraad in die betrokke streek oor te neem ingevolge **ARTIKEL VIII (ii)(c),** of wanneer sake in 'n distrik volgens die beoordeling van die Streekraad nie pluis is nie, sulke sake reg te stel, dissipline en/of tug toe te pas, of indien nodig, volle beheer te neem.

(e) Elke Streekraad is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, bevoeg om in eie naam as eiser en verweerder in regte op te tree, en om onafhanlik van sy lede regte te verkry en verpligtinge na te kom in die naam van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL: DIE STREEKRAAD VAN………………… (Pleknaam word by opening ingevul).

(f) Die Streekraad sal die reg hê om enige verdere verteenwoordigende persoon soos 'n Hoof van 'n Bybelskool, Direkteur van 'n Tehuis vir Bejaardes, 'n Hoof van Jeug en Sondagskool op die Streekraad se dagbestuur te benoem indien die streekraad so besluit.

(g) Die dagbestuur van die Streekraad sal bestaan uit die Voorsitter, Visie-voorsitter, Sekretaris, Visie-sekretaris, Tesourier, Visie-tesourier en twee verdere aanstellings uit die geledere van die geordende pastore/leraars uit die streek. Die dagbestuur sal 'n

volmagtigde verteenwoordiger van die Streekraad wees tussen streekraadsvergaderings en sal in daardie hoedanigheid op tree.

(h) Elke Streekraad vergader minstens een keer elke twee jaar.

(i) Verkiesings van amptenary van die Streekraad vind vyf (5) jaarliks plaas. Amptenary is herkiesbaar. Die voorsitter van die Streekraad moet 'n geordende pastoor/leraar wees wat ten minstens vyf (5) reeds georden was.

(j) Slegs distrikte wie alle finansiële verpligtinge teenoor die streekraad nagekom het, sal sitting en stemreg hé op die streekraad.

(k) Elke Streekraad stel 'n ministeriele komitee, bestaande uit al die geordende pastore/ leraars in daardie streek, om ongerymdhede onder erkende werkers in daardie streek te ondersoek en 'n besluit te neem. Die Uitvoerenderaad moet ingelig word van die besluit. Indien so 'n persoon/persone ongemaklik is met die besluit van die komitee, mag hy/sy direk appelleer na die Uitvoerenderaad.

**KLOUSULE (iv)**
**DIE WERKERSRAAD**

a) Die algemene sake van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL: Republiek van………………………….(land) word deur die Werkersraad bestuur. Die werkersraad bestaan uit al die geordende pastore/leraars in die gemeentes tesame met die tesourier en sekretaris wie deur die kerkraad afgevaardig word.

b) Slegs gemeentes wie alle finansiële verpligtinge teenoor die Sentrale Fonds nagekom het, se afvaardiging sal sitting en stemreg op die werkersraad se vergadering he. Geloofsbriewe en registrasiegelde/fooie moet die uitvoerende sekretaris drie (3) maande voor die hou van die vergadering bereik, deur die tesourier van die gemeente.

c) Met die toestemming van die werkersraad mag enige persoon die vergadering bywoon, dog sonder stemreg.

d) Die Werkersraad van …………………………….. (Land) vergader minstens een keer elke vyf (5) jaar. 'n Spesiale vergadering van die Werkersraad kan deur die Uitvoerenderaad gereel word indien die Uitvoerenderaad dit noodsaaklik ag. 'n Versoek om 'n spesiale vergadering en 'n verklaring waarin die motivering vir die hou van die spesiale vergadering moet skriftelik aan die Uitvoerende Sekretaris gerig word. Die Uitvoerenderaad sal dan besluit of so 'n vergadering wel gehou sal word aldan nie, en indien dit gehou word, of dit 'n spesiale of gewone werkersraad vergadering sal wees.

e) Indien 'n lidmaat begerig is dat 'n spesiale vergadering van die Werkersraad moet plaasvind, moet hy/sy 'n versoek tot dien effekte aan die kerkraad van die gemeente waaraan hy/sy behoort rig. Indien die Kerkraad dit goed mag vind, rig die Kerkraad die aansoek aan die betrokke Distriksraad en die Distriksraad weer op sy beurt aan die Streekraad. Indien die Kerkraad nie bereid is om die aansoek na die Distriksraad te verwys nie, kan die betrokke lidmaat dit direk aan die Distriksraad rig.

f) Indien 'n Kerkraad begerig is dat 'n spesiale vergadering van die Werkersraad moet plaasvind, moet die Kerkraad d.m.v die betrokke Distrikraad aansoek doen. Indien 'n Distriksraad nie bereid is om sodanig aansoek aan die Uitvoerenderaad te rig nie, kan

die betrokke Kerkraad dit direk aan die Uitvoerenderaad rig via die Uitvoerende sekretaris. Die Uitvoerenderaad sal dan bepaal of en wanneer so 'n vergadering sal plaas vind.

g) Weens grootte van die Werkersraad en weens praktiese oorwegings, kan hierdie raad vir sodanige periodes en in sulke terme as wat goed gedink word, enige van sy magte oordra aan en ook terugtrek van enige persoon of persone wat die reg sal hė om einige handeling te doen en om enige staat of dokument te onderteken en uit te voer namens die Werkersraad.

h) Die Werkersraad is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, bevoeg om in sy eie naam as eiser en verweerder in regte op te tree en om onafhanklik van sy lede regte te verkry en verpligtinge aan te gaan in die naam van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL: DIE WERKERSRAAD VAN..................... (plek word by opening ingevul).

i) Die sekretaris van die Werkersraad sal ipso facto die sekretaris van die Uitvoerenderaad wees en sal bekend staan as die Hoofkantoor van DIE CHRISTEN GEMEENTES, INTERNASISONAAL; REPLUBLIEK VAN ………………….. (land). Die kantore van die Streekrade sal as streekkantore bekend staan.

j) Die Werkersraad verkies vyf (5) jaarliks 'n Voorsitter, ook Moderator genoem, 'n Visie-voorsitter, 'n Sekretaris, 'n Visie-sekretaris, 'n Tesourier, en Visie-tesourier uit die geledere en volgorde van Apostels, Streekvoorsitters en ander georderde pastore/leraars wie ten minste ses (6) jaar georden is. Nominasies vir die verkiesing moet deur die Streekrade aan die Uitvoerende sekretaris gestuur word ten minstens drie (3) maande voor die hou van die verkiesing. Die verkose amptenary sal ipso facto die amptes van die Uitvoerenderaad en die dagbestuur van beide die Werkersraad en Uitvoerenderaad wees.

**KLOUSULE (v)**
**DIE UITVOERENDERAAD**

a) Die Uitvoerenderaad sal 'n gevolmagtige verteenwoordiging van die Werkersraad tussen werkersraad vergaderings wees en sal in daardie hoedanigheid optree.

b) Samesprekings ter uitvoering van die funksie en bevoegdhede van die raad of oor enigiets rakende die konstitusie sal op vergaderings waarop minstens twee derdes (⅔) van die lede van die uitvoerenderaad sitting en volle stemreg het, plaasvind.

c) Die Uitvoerenderaad vergader soos die behoeftes vereis, maar minstens twee keer per jaar.

d) Spesiale vergaderings van die Uitvoerenderaad kan deur enige Kerkraad, Distriksraad of Streekraad aangevra word. 'n Versoek om 'n spesiale vergadering en 'n verklaring waarin die motivering vir die hou van 'n vergadering verstrek word, moet skriftelik aan die Uitvoerende sekretaris gerig word.

e) Die Uitvoerenderaad van 'n land vorm die hoogste gesag van beheer in DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL en sal die raad van appél wees.

f) Betreffende die samestelling van die Uitvoerenderaad sal die volgende reelings geld:

i. die Uitvoerenderaad sal uit minstens twaalf (12) bestaan;
ii. die Uitvoerende sekretaris moet toesien dat die nominasies vir die amptenary betyds aangevra word, nie later dan drie maande voor die hou van die vergadering nie;
iii. alle Voorsitters van Streek- en Distriksrade is ipso facto lede van die Uitvoerenderaad.

g) Die amptenary of lid van die Uitvoerenderaad kan ter eniger tyd 'n besoek aflê by die plaaslike Kerkraads-, Distriks- of Streekraadsvergadering sonder vooraf verkryging van toestemming om so 'n vergadering by te woon.

h) Erkening, proefplasing en ordening van pastore/leraars geskied deur die uitvoerenderaad op aanbeveling van die betrokke streekraad en dat die koste deur die Sentrale Fonds van die kerk gedra word soos vervat in die regliment per kilometer, voorgeskryf per pad-/lug-/seevervoer of die streekrade moet gemagtig word om dit te doen.

i) Die Uitvoerenderaad sal die reg hê om reglimente saam te stel en goed te keur wat bindend op die Kerk sal wees. Hierdie reglimente mag enige bepaling bevat ten einde die sake van die kerk te reël, maar dit mag in geen opsig strydig met die konstitusie wees nie.

j) Die Uitvoerenderaad kan enige Streekraad versoek om pastore/leraars, wie hulle proeftydperk suksesvol deurloop het, te orden.

k) Die Uitvoerenderaad stel 'n permanente konstitusionele komitee aan uit lede van die Uitvoerenderaad en kundige persone soos bv. regsgeleerdes of taalkundiges.

l) Die Uitvoerenderaad sal die standaard en formaat bepaal van alle amptelike publikasies en gedrukte materiaal van die kerk, ook ten opsigte van die Lyfblad van die kerk, gesangboek, sondagskool en jeug publikasies, en oefen beheer uit oor kopiereg- en -tanteime aangeleenthede.

m) Die Uitvoerenderaad is 'n regpersoonlikheid en moet hom beywer vir die daarstelling van 'n Administratiewe Kompleks vir die kerk.

n) Die Uitvoerenderaad moet die ouditering van die kerk se finansies en ander bestuursvlakke onderneem deur die daarstelling van n Ouditkomitee. Lede van so 'n komitee word deur die Uitvoerenderaad aangestel op grond van rekenkundige kennis en ondervinding. Die komitee staan onder voorsitterskap van 'n lid van die Uitvoerenderaad. Uitvoerenderaad moet toesien dat boeke van hierdie raad jaarliks geouditeer word deur 'n geregistreerde ouditeursfirma en jaarliks die verslag aan hierdie raad voorlê vir bespreking en aanbevelings en hierdie verslag aan die gemeentes voorsien vir insae.

**KLOUSULE (vi)**
**DIE ALGEMENE WERKERSRAAD**

a) Die internasionale sake van Die Christen Gemeentes Internasionaal word deur die Algemene Werkersraad bestuur. Die Algemene werkersraad bestaan uit al die lede van die Algemene Uitvoerenderaad asook die dagbesture van die Uitvoerenderaad van die

verskillende lande en apostels. Alle afgevaardigdes moet 'n aanbevelings brief/geloofs brief voorlê/voorsien aan die tesourier van die nasionale liggaam wat hy/sy verteenwoordig, tesame met die registrasiefooie/gelde mintens drie maande voor die hou van die vergadering.

b) Die Algemene werkersraad sal die reg hê om reglimente saam te stel wat in elke land bindend sal wees vir Die Christen Gemeentes Internasionaal. Hierdie reglimente mag enige bepalınge vervat ten einde die sake van die Algemene werkersraad te reël met die voorbehoud dat dit in geen opsig strydig is met die konstitusie van die kerk internasionaal nie. Die Algemene Werkersraad sal wysigings soos ontvang vanaf die verskillende werkersrade bespreek en aanvaar met 'n twee-derde meerderheid en aanbeveel vir implementering deur die betrokke werkersrade van die verskillende lande.

c) Behalwe geordende leraars/pastore/dienaars wat in (a) genoem was, kan een ouderling, verkieslik die tesourier en/of sekretaris uit elke streekraadsafvaardigıng, so 'n vergadering
bywoon.

d) Die Algemene werkersraad vergader mintens een keer elke ses jaar. 'n Spesiale vergadering kan deur die Algemene Uitvoerenderaad gereël word, indien dit deur 'n Uitvoerenderaad van 'n land aangevra word met goeie opgaaf van redes.

e) Die Algemene Werkersraad is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolgıng, bevoeg om in sy eie naam as eiser en verweerder in regte op te tree, en op onafhanlikheid van sy lede regte te verkry en verpligtinge aan te gaan in die naaam van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL: ALGEMENE WERKERSRAAD.

f) Die Algemene Werkersraad vorm die hoogste gesag van beheer in die internasionale kerk van Die Christen Gemeentes Internasionaal.

g) Verkiesings van die Algemene werkersraad geskied elke ses (6) jaar. Die verkose amptenary sal ipso facto die amptenary van die Algemene Uitvoerenderaad wees. Die Voorsitter van die Algemene Werkersraad sal bekend staan as die President van die kerk, en die eerste president sal verkies word uit die geledere van die Uitvoerenderaad van die Moederkerk in die RSA.

**KLOUSULE (vii)**
**DIE ALGEMENE UITVOERENDERAAD**

a) Die Algemene uitvoerenderaad sal 'n gevolmagtigde verteenwoordiging van die Algemene
Werkersraad wees tussen algemene werkersraadvergaderings, en in daardie hoedanigheid optree.

b) Die Algemene Uitvoerenderaad bestaan uit die dagbestuurslede van die Uitvoerenderade van of in elke afsonderlike land.

c) Samesprekings ter uitvoering van die funksies en bevoegdhede van die raad of oor enigiets rakende die konstitusie van die kerk sal op vergaderings van die Algemene Uitvoerenderaad bespreek word.

d) Die verkiesingstydperk sal ooreenstem met die verkiesingstydperk van die Algemene Werkersraad.

e) Die Algemene Uitvoerenderaad sal 'n fonds/rekening daarstel in die naam van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL: DIE ALGEMENE SENTRALE FONDS en sal dus bestuur word deur die Algemene Uitvoerenderaad namens die Algemene Werkersraad.

f) Die fonds sal as volg saamgestel word:

(i) By stigting van 'n land sal elke gestigte gemeente in daardie land 'n eenmalige bedrag soos bepaal deur die werkersraad van die moederkerk in die RSA, maar nie minder as R100,00 nie in die fonds oorbetaal op die dag van finale stigting van so 'n land.

(ii) Elke land se Uitvoerenderaad en Werkersraad betaal jaarliks voor die einde van Februarie van elke daaropvolgende jaar 'n sekere bedrag in die fonds soos bepaal deur die Algemene Werkersraad.

**KLOUSULE (viii)**
**DIE HOOGSTE LIGGAAM VAN APPEL**

(i) Die hoogste liggaam van appel is die raad aangestel ingevolge **ARTIKEL VIII (vii)(a)** van hierdie konstitusie.

(ii) Enige lidmaat, enige raad of komitee van die kerk sal die reg he om na die raad van appel te appelleer, maar slegs nadat die appel deur al die betrokke ondergeskikte rade van die hand gewys is, of wanneer hy/sy nie tevrede is met die uitslag van die raad wie met die saak gehandel het nie.

(iii) Geen kerkraadslid sal kan appel teen 'n meerderheidsbesluit van die kerkraad aanteken, tensy dit hom/haar persoonlik benadeel nie.

**KLOUSULE (ix)**
**NASIONALE EN INTERNASIONALE VERTEENWOORDIGING**

Die Christen Gemeentes Internasionaal word op nasionale en internasionale sake deur die Algemene Uitvoerenderaad verteenwoordig, wie ook enige afvaardiging na so 'n saak sal benoem, behoudens **ARTIKEL VIII (vii)(a).**

**ARTIKEL IX: PROSEDURES BY ALLE VERGADERINGS**

Alle vergaderings van Die Christen Gemeentes Internasionaal sal op 'n ordelike en juiste manier gehou word.

**KLOUSULE (i)**
**KWORUM VAN VERGADERING**

By alle vergaderings, behalwe 'n uitvoerenderaadsvergaderings sal een meer as die helfte lede teenwoordig wees om besluitneming geldig te maak. Indien dit mag gebeur dat daar nie genoeg lede opdaag om 'n kworum te vorm by enige vergadering waarvan behoorlik kennis gegee word, en indien daar weer nie 'n kworum is nie, moet die aangeleentheid dadelik aan die hoër geskikte raad as 'n ongerymdheid gerapporteer word. Die betrokke hoër geskikte raad sal met volle gesag handel by wyse van ondersoek, regstelling van sake, en indien nodig, toepassing van dissipline en tug of algehele oorname. Die kworum by 'n werkersraad vergadering sal bepaal word op een meer as die helfte van al die gestigte gemeentes.

**KLOUSULE (ii)**
**MOSIES**

Alle sake sal deur middel van behoorlike voorgestelde en gesekondeerde mosies wat deur die sekretaris genotuleer word, ter oorweging en bespreking gebring word, dog die vergadering mag ter enigertyd op versoek van 'n lid en met toestemming van die meerderheid van so 'n vergadering vir bespreking in komitee gaan.

**KLOUSULE (iii)**
**VOORSITTER**

(i) Op alle vergaderings sal die Voorsitter in beheer van die vergaderings, en in sy afwesigheid sal die Visie- of tydelike Voorsitter optree. Die nodige respek sal te alle tye teenoor die Voorsitter getoon word, en almal sal tydens spreekbeurte die Voorsitter aanspreek.

(ii) In die geval van afwesigheid van die Voorsitter by 'n vergadering waarvan behoorlik kennis gegee is, sal die Visie-voorsitter, na verstryking van vyftien (15) minute vanaf die tyd wat vir die vergadering bepaal is, die reg he om met die vergadering voort te gaan. Indien die Visie-voorsitter ook nie teenwoordig is nie, sal die vergadering die reg he om n tydelike Voorsitter te kies vir die vergadering.

**KLOUSULE (iv)**
**BESLISSENDE STEM**

Die Voorsitter sal 'n gewone stem hê, en in geval van stakıng van stemme, sal hy ook 'n beslissende stem kan uitbring.

**KLOUSULE (v)**
**AFWESIGHEID**

(i) 'n Lid van enige raad, bestuur of komitee, wat sonder verstrekking van goedgekeurde rede(s) van drie (3) agtereenvolgende vergaderings, waarvan hy behoorlik in kennis gestel is, afwesig is, sal ophou om lid daarvan te wees en 'n ander lid kan onverwyld deur die betrokke raad, bestuur of komitte, in die afwesige lid se plek vir die oorblywende termyn van lidmaatskap verkies word. Dit beteken egter nie dat lede na willekeur een of twee keer sonder verstrekking van rede(s) mag wegbly nie.

(ii) Sover moontlik moet 'n lid vooraf kennis gee van afwesigheid van ‘n vergadering en die redes verstrek waarom hy/sy nie teenwoordigsal wees nie. In die geval van dood of bedanking van ‘n lid, kan die vakature onverwyld deur die betrokke raad, bestuur of komitee gevul word, mits die voorgeskrewe minimum hoeveelheid lede nog bestaan.

**KLOUSULE (vi)**
**SPREKERS**

Geen lid sal die reg hê om meer as eenkeer oor 'n voorstel of amendement te praat nie, behalwe dat, met toestemming van die Voorsitter, hy ter verduideliking weer mag praat. Persone wat voorstelle gemaak het, sal die reg hê om aan die einde van die bespreking te antwoord.

**KLOUSULE (vii)**
**AMENDEMENTE/TEENVOORSTEL**

Elke amendement of teenvoorstel moet behoorlik voorgestel en gesekondeer en deur die sekretaris genotuleer word, en oor hulle moet in omgekeerde orde van die waarin hulle Voorgestel is, gestem word. Vir die oorspronklike voorstel sal gestem word eers nadat vir alle amendemente of teenvoorstelle gestem is.

**KLOUSULE (viii)**
**STELSEL VAN STEMMING**

(i) Stemming oor alle sake mag per geslote stembrief of deur middel van handopsteking, soos die Voorsitter mag beslis plaasvind, met die voorbehoud dat alle nominasies en verkiesings per geslote stembrief sal plaas vind.

(ii) Alle nominasies op die wyse verkry, en wat ten minste tien present (10%) van die stemme verkry het, sal tot stemming gebring word totdat 'n kandidaat 'n twee-derde meerderheid van die stemme verkry het.

(iii) Na elke stemming, val die kandidaat met die minste stemme uit en word slegs oor die oorblywende kandidate gestem.

(iv) Indien so 'n meerderheid nie met die eerste drie (3) stemmings behaal word nie, sal die twee kandidate wat die meeste aantal stemme by die derde stemming verkry het, die enigste kandidate wees oor wie weer gestem word.

(v) In alle gevalle, behalwe waar in hierdie konstitusie anders voorsiening voor gemaak is, sal die meerderheid van stemme van krag wees.

**KLOUSULE (ix)**
**NOTULE**

(i) Die Sekretaris van elke raad, bestuur of komitee sal noukeurig notules in 'n behoorlike notuleboek van die moet hou, wat met die daaropvolgende vergadering behoorlik voorgelees en bekragtig moet word voordat met enige ander verrigtinge voortgegaan sal word.

(i) Notules kan ook netjies getik word, maar alle bladsye moet deur die voorsitter en sekretaris geteken word.

(ii) Indien die notule vooraf gesirkuleer is, kan dit as gelese beskou word.

(iii) Die notule moet deur die Voorsitter en Sekretaris onderteken word, en te alle tye vir enige lid van die betrokke raad, bestuur of komitee, ter insae lê.

**KLOUSULE (x)**
**KORRESPONDENSIE**

(i) Tensy anders gereël, moet alle korrespondensies deur die Sekretaris gevoer word, en hy moet afskrifte daarvan hou, terwyl alle skrywes aan hom gerig behoort te word en behoorlik deur hom geliaseer en bewaar word.

(ii) Alle korrespondensie, afskrifte, enso meer, hetsy aan die Voorsitter of iemand anders gerig, of deur die Voorsitter of iemand anders daartoe gemagtig, moet deur die Sekretaris geliasseer en bewaar word.

**KLOUSULE (xi)**
**FINANSIES**

(i) Die Tesourier sal alle gelde ontvang en sal met goedkeurıng van sy raad, bestuur of komitee, alle betalings doen waarvoor die nodige bewyse soos kwitansies, fakture geëis moet word.

(ii) Die Tesourier moet behoorlik boekhou van alles en die boeke moet te alle tye vir sy raad, bestuur of komitee ter insae lê en oop vir ondersoek wees.

(iii) Ontledingsjoenale vir ontvangste en betalings moet gebruik word en moet jaarliks deur die betrokke raad, bestuur of komitee of 'n persoon of persone deur genoemde liggame benoem, geouditeer word.

(iv) 'n Geouditeerde verslag moet jaarliks aan die raad, bestuur of komitee voorgelé word vir bespreking en aanbevelings. Die verslag moet ook aan die betrokke gemeente voorgehou word vir kennisname.

(v) In gevalle waar dit volgens die oordeel van die uitvoerenderaad noodsaaklik geword het om 'n spesiale oudit te onderneem, sal sodanige oudit uitgevoer word deur 'n persoon of persone deur hierdie raad aangewys.

**KLOUSULE (xii)**
**DELEGERING**

Enige raad, bestuur of komitee sal die reg he om enige van sy magte oor te dra aan en ook terug te trek van enige persone of persone.

**ARTIKEL X: FONDSE, FINANSIES EN EIENDOMME**

**KLOUSULE (i)**
**ALGEMEEN**

Die volgende riglyne en reelings sal te alle tye geld met betrekking tot die finansiele bestuur van kerk:

(a) Van elke lidmaat van Die Christen Gemeentes Internasionaal word verwag om ten minste een tiende van sy/haar inkomste gereeld aan sy/haar plaaslike gemeente te betaal en om die werk van die Here te ondersteun volgens **ARTIKEL VI (xii).**

(b) Finansiele beheer sal gesetel wees in die betrokke raad wat verantwoordelik gehou word vir die werksaamhede en verpligtinge ten behoewe waarvan die betrokke fondse, finansies benut en geadministratreer word, met dien verstande dat sodanige liggaam uit nie minder as drie (3) persone sal bestaan nie.

(c) Elke plaaslike gemeente moet maandeliks een tiende van sy totale inkomste van die plaaslike kas aan die fonds van die Distriksraad oorbetaal vir doeleindes wat in **ARTIKEL VII (ii)(c).**

(d) Elke plaaslike gemeente moet jaarliks 'n heffing aan die Sentrale Fonds van die kerk, soos deur die Uitvoerenderaad in die begroting van die Sentrale Fonds goedgekeur, oorbetaal.

(e) Elke Distriksraad moet maandeliks minstens een tiende van sy totale inkomste van die Distriksraad aan die fonds van die Streekraad oorbetaal.

(f) Elke Distriksraad moet jaarliks 'n heffing aan die Sentrale Fonds van die kerk, soos deur die Uitvoerenderaad in die begroting van die Sentrale Fonds goedgekeur, oorbetaal.

(g) Elke Streekraad moet jaarliks 'n heffing aan die Sentrale Fonds soos deur die Uitvoerenderaad in die begroting van die Sentrale Fonds goedgekeur, oorbetaal.

(h) Die Algemene Jeug, Sondagskool- en Sustersvereniging moet jaarliks 'n heffing aan die Sentrale Fonds van die kerk soos deur die Uitvoerenderaad in die begroting van die Sentrale Fonds goedgekeur, oorbetaal.

(i) Alle rade moet jaarliks 'n begroting opstel.

(j) Die fonds van die Werkersraad sal bekend staan as die SENTRALE FONDS van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL en sal deur die Uitvoerenderaad geadministreer word.

(k) Alle oorbetalings van die gemeentes en rade moet jaarliks nie later dan 28 Februarie

aan die Sentrale Fonds oorbetaal word, tesame met 'n gesertifiseerde afskrif van die lederegister van die gemeente.

(l) Die boekjaar strek vanaf 28 Februarie tot 01 Maart van die daaropvolgende jaar.

(m) Elke plaaslike gemeente, elke Distriksraad, elke Streekraad, elke Werkersraad en elke Uitvoerenderaad het die bevoegdheid om fondse, onroerende en roerende bates of einige artikel wat nodig mag wees te in, te besit, of te verkoop, te koop, te verhuur, te huur as geskenk of bemaking te ontvang, of andersins te bewaar soos besluit mag word, behoudens die bepalings van **Artikel V (iv).**

(n) Elke distriksraad, streekraad, uitvoerenderaad, werkersraad sal die reg hê om jaarlikse heffings, registrasiefooie by vergaderings in te stel en te bepaal ten einde koste te bestry.

**KLOUSULE (ii)**
**GEMEENTELIKE EIENDOM EN FINANSIES**

(a) Die volle beheer en bestuur van al die fondse, eiendomme en kerkgoedere van 'n gemeente berus by die Kerkraad, wat die reg het om soveel van sy bevoeghede as wat hy gerade ag, aan een of meer persone oor te dra.

(b) Die Kerkraad sal die mag en gesag hê om enige stap of handeling namens die plaaslike gemeente te verrig wat deur die gemeente self verrig kan word, en in besonder om roerende en onroerende eiendom te bekonm, te beswaar en op welke wyse ookal te vervreem namens die gemeente, behoudens die bepalings van **ARTIKEL X (ii)(h)**.

(c) Alle onroerende eiendom van die gemeentes word geregistreer in die naam van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL ……………….………Gemeente (Pleknaam moet hier ingevul word).

(d) Alle stukke wat op geldelike administrasie betrekking het, soos die aankoop van eiendom, die aangaan van lenings, die kansellasie van verbande, die aanname van geskenke in die vorm van onroerende eiendom, kontrakte, prokurasies en ander dokumente in verband met regsgedinge, word onderteken deur die Voorsitter van die Kerkraad nadat hy deur die betrokke Kerkraad daartoe gemagtig is, of indien en slegs dan wanneer 'n gemeente tot niet gaan en daar nie 'n bevoegde Kerkraad meer is nie, deur 'n persoon of persone gemagtig deur die betrokke Distriksraad, wat die fondse en bates, roerend sowel as onroerend van die gewese gemeen te in so 'n geval, sal oordra aan die betrokke Streekraad, of indien daar nie 'n Streekraad is nie, deur 'n persoon of persone gemagtig deur die Uitvoerenderaad, wat die fondse en bates, roerend en onroerend, van die gewese gemeente in so 'n geval, sal oordra aan die Werkersraad.

(e) Tot tyd en wyl die Streekraad of die Uitvoerenderaad, na gelang van die geval, mag besluit of die gemelde gemeentelike bates oor te dra, sal die streekraad of die uitvoerenderaad na gelang van die geval, gemeld gemeentelike bates in bewaring en versorging neem.

(f) Die plaaslike Tesourier hou behoorlik boek van al die ontvangstes en betalings in die ontledingsjoernaleboek, asook 'n inventaris van bates en lastes van die gemeente en doen minstens een keer per jaar verslag aan die gemeente. Die bates en laste inventaris moet jaarliks hersien word, en 'n gesertifiseerde afskrif moet aan die hoofkantoor gestuur word.

(g) Die ontvangstes en utbetalingsrekenings en inventarıs moet minstens een keer per jaar deur die Kerkraad of enige persoon of persone gemagtig deur die Kerkraad geouditeer, verkieslik 'n geregistreerde ouditeur.

(h) Indien enige plaaslike Kerkraad of gemeente gedeeltelik of as 'n aparte groep of as 'n geheel van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL wil afstig as 'n aparte kerk, of groep of gemeente anders as 'n gemeente van hieride kerk, of by 'n ander kerk wil aansluit, sal so 'n kerkraad of gemeente of deel van so 'n Kerkraad of gemeente nie die reg hê om enige gemeentelike eiendom, onroerend sowel as roerend, oor te maak aan so n bestaande kerk of bestaande groep of aan 'n kerk of groep of gemeente wat hulle tot stand wil bring nie. Sulke persone sal as individue hulle lidmaatskap verloor en dus alle aanspreeklikheid op eiendom, sowel as roerend en onroerend in DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL verbeur.

(i) 'n Kerkraad mag geen onroerende eiendom beswaar of op welke wyse ookal vervreem voordat die betrokke Distriksraad skriftelik deur die Kerkraad in kennis gestel is van sy voorneme om dit te doen en die Distriksraad die aansoek aanbeveel by die Streekraad en Streekraad die transaksie skriftelik goedgekeur het nie. In dien daar nie 'n Distriksraad is nie, moet sodanige kennisgewing aan die Streekraad gegee word en skriftelike goedkeuring van die Streekraad verkry word.

(j) Behoorlıke inventarıs van alle bates en laste, roerend sowel as onroerend in die gemeente, moet deur die betrokke Kerkraad op las geneem word, en afskrifte moet jaarliks aan die betrokke Distriksraad gestuur word. Die inventaris sal op datum gehou moet word en oop wees vir fisiese inspeksie deur die Distriksraad waaronder die gemeente resorteer.

**KLOUSULE (iii)**
**DISTRIKSEIENDOMME EN FINANSIES**

(a) Distrikseiendom en -finansies berus by en word beheer deur die Distriksraad.

(b) Alle onroerende eiendom van die distriksraad word geregistreerin die naam van
DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL: DIE ……………DISTRIK
(Voeg in die naam van die betrokke distrik bv. Wes-Kaap).

**(c)** Alle stukke wat op die geldelike administrasie het soos die kansellasie van verbande, volmag om transporte en verbande te registree, die aanname van geskenke in die vorm van onroerende eiendom, kontrakte, prokurasies en ander dokumente in verband met regsgedinge word onderteken deur die voorsitter van die betrokke Distriksraad, nadat hy deur die betrokke Distriksraad daartoe gemagtig is. Of indien en slegs dan wanneer 'n Distriksraad tot niet gegaan, deur persoon of persone gemagtig deur die betrokke Streekraad, wat die fondse en bates, sowel roerend en onroerend van die gewese distriksraad, in so 'n geval sal oordra aan die werkersraad of 'n ander Distriksraad, of enigsins daarmee handel soos die Streekraad mag besluit. Tot tyd en wyl die Streekraad ookal mag besluit om die gemelde bates op die gemelde manier oor te dra of enigsins daarmee te handel, sal die uitvoerenderaad die gemelde bates inbewarıng en versorging neem **(Artikel VIII (v)(e))**.

(d) Behoorlike inventaris van alle bates en laste, roerend sowel as onroerend, in die distrikte, moet deur die Distriksrade oplas geneem word en afskrifte daarvan moet jaarliks aan die Hoofkantoor van die kerk gestuur word. Die inventaris sal op datum gehou moet word en oop wees vir fisiese inspeksie deur die betrokke Streekraad.

g) Alle stukke wat op die geldelike administrasie betrekking het, soos die aankoop van eiendom, die aangaan van lenings, die kansellasie van verbande, volmag omtransporte en verbande te registreer, die aanname van gekenke in die vorm van onroerende eiendom, kontrakte, prokurasies en ander dokumente in verband met regsgedinge word onderteken deur die Voorsitter van die Distriksraad nadat hy deur die betrokke Distriksraad daartoe gemagtig is, of indien en slegs dan wanneer'n distrik tot niet gaan en daar nie 'n bevoegde Distriksraad meer is nie, deur 'n persoon of persone gemagtig deur die betrokke streekraad wat die bates en fondse, roerend sowel as onroerend van die gewese Distriksraad in so 'n geval, sal oordra aan die betrokke Streekraad, of indien daar nie 'n Streekraad is nie, deur 'n persoon of persone gemagtig deur die Uitvoerenderaad, wat die fondse en bates roerend sowel as onroerend, van die gewese Distrıksraad in so 'n geval sal oordra aan die Werkersraad.

**KLOUSULE (iv)**
**STREEKS EIENDOM EN-FINANSIES**

(a) Streekseiendom en -finansies berus by en word beheer deur die Streekraad.

(b) Alle on roerende eiendom van die streekraad word geregistreer in die naam van DIE CHRISTEN-GEMEENTES INTERNASIONAAL: DIE..............................STREEK (Voeg die naam van die betrokke streek in, bv. Wes- Kaap).

(c) Alle stukke wat op die geldelike administrasie betrekking het soos die kansellasie van verbande, volmag om transporte en verbande te registreer, die aanname van geskenke in die vorm van onroerende eiendom, kontrakte, prokurasies en ander dokumente in verband met regsgedinge word onderteken deur die voorsitter van die Streekraad nadat hy deur die betrokke Streekraad daartoe gemagtig is of indien en slegs dan wanneer 'n Streekraad tot niet gaan, deur 'n persoon of persone gemagtig deur die Uitvoerenderaad wat die fondse en bates, sowel roerend as onroerend van die gewese Streekraad, in so 'n geval, sal oordra aan die Werkersraad of ander Streekraad of enigsins daarmee handel soos die
Uitvoerenderaad ookal mag besluit. Tot tyd en wyl die Uitvoerenderaad mag besluit om die gemelde bates op die gemelde manier oor te dra of enigsins daarmee te handel, sal die Uitvoerenderaad die gemelde bates in bewaring en versorging neem.

(d) 'n Behoorlike inventaris van alle bates en laste, roerend sowel as onroerend in die streke moet deur die Streekrade oplas geneem word en afskrifte daarvan moet jaarliks aan die Hoofkantoor van die kerk gestuur word. Die inventaris sal op datum gehou moet word en oopwees vir fisiese inspeksie deur die Uitvoerenderaad.

**KLOUSULE (V)**
**ALGEMENE EIENDOM EN FINANSIES**

(a) Algemene eiendom en finansies, dit wil, sê alle eiendom, sowel roerend as onroerend, wat nie onder Klousules (11) en (11ı) van hierdie Artikel resorteer nie, vestig in en word beheer deur die Werkersraad van daardie land.

(b) Alle onroerende eiendom van die werkersraad moet geregistreer word in die naam van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL DIE WERKERSRAAD VAN ............................(Land).

(c) Alle stukke wat op die geldelike administrasie betrekking het soos die kansellasie van verbande, volmag om transporte en verbande te registreer, die aanname van geskenke in die vorm van onroerende eiendom, kontrakte, prokurasies en ander dokumente in verband met regsgedinge word onderteken deur die Voorsitter van die Werkersraad nadat hy deur die Werkersraad daartoe gemagtig is, of deur 'n ander persoon of persone wat deur die Werkersraad daartoe gemagtig is.

(d) 'n Behoorlike inventaris van alle bates en laste, roerend sowel as onroerend van die Werkersraad moet deur die Uitvoerende sekretaris oplas geneem word, en hy doen jaarliks verslag aan die Werkersraad. Die inventaris moet op datum gehou word en oop wees ter insae vir fisiese inspeksie deur die Uitvoerenderaad.

**ARTIKEL XI: DISSIPLINE EN TUG**

**KLOUSULE (i)**

(a) Enige werker of lid wat homself/haarself skuldig maak aan enige gedragslyn of verkondiging van leerstellings in woord of skrif teenstrydig met die leer en beginsels van die Here Jesus en die Apostels, soos in die Nuwe Testament vervat en deur DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL vertolk, of wat die gesonde samewerking, eenheid en harmonie van hierdie kerk skend en benadeel, kan deur die betrokke Kerk-, Distriks-, Streek-, Werkers- en Uitvoerenderaad onder tug geplaas of in die ban gedoen word en sulke persone kan nie deur 'n ander Gemeente of Distik of Streek van hierdie kerk opgeneem word sonder ondersoek van die saak en sonder dat die vorige gemeente of distrik of streek daarvan verwittig is nie en daartoe toestemming verleen het, en dan waar nodig ware berou getoon en belydenis en versaking van die kwaad gedoen is.

(b) Enige persoon wat onder tug geplaas of in die ban gedoen is, het die reg om, indien hy/sy nie tevrede is met die uitspraak van die raad wat aldus met hom/haar gehandel het nie, te appélleer na daardie raad se hoër geskikte raad, en indien hy/sy dit verder nodig ag, ook na 'n hoër geskikte raad to by die appélraad.

(c) Geen kerkraad het die reg en mag om 'n geordendepastoor/leraar op enige klagte te verhoor, te ondervra en onder kerktug te plaas nie. Indien 'n klag teen 'n geordende pastoor/leraar ingedien word, moet die prosedures soos neergelê in **ARTIKEL VIII (iii)( k)** van die Regliment van Orde van die Kerk gevolg word. Indien n Kerkraad nie by daardie bepalings bly nie, kan so 'n Kkerkraad deur die Distriksraad in opdrag via die Streekraad deur die Uitvoerenderaad ontbind en hersaam gestel word.

**KLOUSULE (ii)**

Geen lid of werker van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL het die reg om uit sy/haar eie 'n ander christelike beweging van enige aard buitekant die raamwerk van hierdie Kerk te stig of veldtogte of dienste vir onbepaalde tye buite die jurisduksie van hierdie Kerk te hou sonder die goedkeuring van die betrokke streekraad ofwerkersraad, na gelang van die geval, nie. Lede of werkers wat hulle skuldig maak aan so 'n daad, of wat so 'n daad steun, mag onder tug geplaas word en indien hulle volhard, mag hulle lidmaatskap van hierdie Kerk verbeur.

**ARTIKEL XII: WYSIGING VAN KONSTITUSIE**

**KLOUSULE (i)**

Enigeen van die Artikels in hierdie konstitusie vervat, kan in sy geheel of gedeeltelik slegs deur die Algemene Werkersraad hersien en gewysig word en indien lande nog nie hulle eie werkersrade het nie en of nog nie afgestig is nie, sal die funksie deur die Werkersraad van die RSA gedoen word.

**KLOUSULE (ii)**

Die Algemene Uitvoerende sekretarıs van die Algemene Werkersraad gee onverwyld kennis van die voorgenome wysigıngs aan die Werkersrade van die verskillende lande wat dan op hulle beurt kennis gee aan alle gestigte gemeentes, Distriksrade en Streeksrade van daardie lande.

**KLOUSULE (iii)**

Skriftelike kommentaar in die verband met die voorgenome wysigings kan deur Kerkrade aan Distriksrade en Distriksrade aan Streekrade en Streeksrade aan die Uitvoerende Sekretarisse van die verskillende Uitvoerenderade aan die Werkersrade die Werkersrade van die verkillende lande aan die Algemene Werkersraad, met dien verstane dat sodanige kommentaar nie later as drie (3) kalender maande voor die hou van die Algemene Werkersraadsvergadering ontvang word nie.

**KLOUSULE (iv)**

Die Algemene Uitvoerende sekretaris stel die voorgestelde wysigings aan die Permanente Konstitusionele Komitee en die Algemene Uitvoerenderaad beskikbaar vir kommentaar en aanbevelings. Hierdie aanbevelings moet minstens een (1) kalender maand voor die hou van "n algemene Werkersraadsvergadering deur die Algemene Uitvoerende sekretaris ontvang word.

**KLOUSULE (v)**

Die finale omskrywing van so 'n wysiging en goedkeuring daarvan berus by die Algemene Werkersraad. Die Algemene Uitvoerende sekretaris moet die beslissing van die Algemene Werkersraad aan die verskillende Werkersrade voorsien wat dan weer op hul beurt die beslissing aan hulle onderskeie plaaslike gemeentes voorsien.

Hierdie konstitusie vervang alle vorige konstItusie van DIE CHRISTEN GEMEENTES INTERNASIONAAL. Die oorspronklike van hierdie konstitusie word vir bewaring in die Hoofkantoor van die Kerk gehou.

In enige verskil in vertolking/uitleg sal die AFRIKAANSE TEKS van die Konstitusie deurslaggewend wees.

GETEKEN TE… Swellendam OP DIE 25 STE DAG VAN September 2010

VOORSITTER/MODERATOR ……………………………………………

WERKERSRAAD VAN DIE RSA..

UITVOERENDE SEKRETARIS:……………………………………………

WERKERSRAAD VAN DE RSA